

AANHEGSEL 3 (2 Gedeeltes waarna ek verwys in **GEEL** gemerk)
**Transkripsie van prof Stephan Joubert se reaksie op die WTL seminaar
reklamemateriaal (NG Gemeente Kemptonkruin 1 Maart 2009)**

Ons hoor deesdae om elke hoek en draai van die sogenaamde ontluikende kerk. Nelus Niemandt het 'n boek geskryf oor die ontluikende kerk, in engels die emerging church of die emergent church. **En nou begin ouens in Suid-Afrika e-posse rondstuur en ons bietjie waarsku daarteen.** Wat is dit? Wat is aan die gebeur? Waarnatoe is kerkwees op pad? Dit is eintlike al waaroor ek vir hierdie volgende paar oomblikke net saam met jou wil reflekteer en vir jou gedagtes los om daarmee huistoe te gaan.

Die interessante is, vriende, die wêreld verander. Daar het 'n beweging gekom van 'n ou met die naam Dan Kimball in Amerika, wat 'n boek geskryf het: *Emergent Churches*. Ek het vanmiddag net gou weer deur die boek geblaai. Jong, dinamiese jeugleer van 'n gemeente in San Diago en toe later ook 'n voltydse leraar. Ek het die voorreg gehad om 'n keer of wat na hom te luister in Amerika, 'n baie dinamiese ou. En Dan Kimball het net agtergekom, die kerk soos die kerk nou is, is soos hy sê: Going nowhere slowly. Hy het agtergekom dat... die kultuur binne die kerk en die kultuur buite die kerk nie dieselfde is nie. En dat die kerk 'n kultuur grootliks in stand hou wat vir dertig, veertig jaar gelede ontwerp is. Alle teologiese opleiding, alle kurrikulering, alle Bybelstudies, alle prediking, alle aanbidding in meeste kerke is gerat vir 'n kerk waarvan die meeste mense gesosialiseer is dertig, veertig jaar gelede. Hulle noem dit in Amerika die 'baby boomer generation'. Dit is die ouens wat gebore is tot en met, wat voor 1964 gebore is. Hulle is aan die stuur van die kerke. Meeste ouens wat leiers in die kerke is, val in daardie ouderdomsgroep. Meeste ouderlinge, diakens, leraars val in daardie ouderdomsgroep. In die lig daarvan het Dan Kimball-hulle agtergekom, en 'n klomp ouens na hom, dat die eerste groot uitdaging wat ons het, is om te kyk of die kultuur binne die kerk en die kultuur buite die kerk mekaar kan, kan ontmoet.

Want, het studie op studie, volgens hulle, begin wys dat die kultuur buite die kerk so vinnig verander dat die kultuur binne die kerk, al wat hulle kan sê is: It is bad out there. Sleg. Sondig. Maar, maar dat daar 'n beter manier is om daardie kultuur te omhels en die Evangelie, so ver moontlik hulle dit dan nou verstaan, relevant daarbinne neer te sit.

Dit is eintlik waar die hele emergent church beweging vandaan kom. Dis nie 'n nuwe soort kerk of 'n kerkgenootskap of 'n nuwe denominasie. Dit is ouens wat inter-denominasie, denominasies het niks hiermee te doen

nie. Trouens, dit is 'n kenmerk van die nuwe wêreld waarin ons lewe, dat die denominasie niks tel. Dit is 'n kenmerk van die emergent wêreld.

Ek praat nou die dag met Koos van der Merwe. Die van julle wat Koos ken, hy is een van die sangers van Prophet, hy en Theo Geyser. Koos hardloop 'n groot gemeente in George. Toe ek daar was, toe sê Koos vir my, nou Koos is 'n wyse ou en Koos het gepromoveer op C.S. Lewis, die groot bekende. Sien sy flik Shadowlands is nou weer op M-net. C.S. Lewis se teologie ken hy so goed.

Koos sê vir my hy het by hulle gemeente, het verlede jaar 580 nuwe mense aangesluit. Hy het vir elkeen, persoonlik, het hulle deur 'n proses gesit, gevra tel lidmaatskap aan 'n denominasie soos die NGK, die AGS. Nul mense het gesê dit maak saak. Dit is die emergent wêreld. Die nuwe generasie mense is nie lojaal aan 'n denominasie nie Hulle sal in 'n denominasie wees soverre dit vir hulle sin maak. Maar as dit nie sin maak nie, is hulle weg. Ek praat net vanoggend met getroue mense hier in Kruin, wat my vertel hulle een kind is in CRC en die ander kind is by daai groep en 'n ander kind is by daai groep en ek vermoed 'n klomp van julle wat hier sit, sal dieselfde kan sê. Ons kinders is nie meer in die NGK nie, want die NGK het nie meer die magnetiese krag om hulle te hou nie.

Dit is die probleem. En daarom kom die emergent church om te sê hoe gaan ons daardie generasie mense behou? Want die laaste generasie wat positief oor die kerk is in sy huidige gestalte is die 'baby boomer generation'. Dit is die laaste generasie, sê al die navorsing.

Die volgende generasie sal weg wees. Ons sal nie 'n kerk los as ons nie aanpas nie, dit is wat hulle sê, vir die volgende generasie nie. Hy sal weg wees. Die kerk is besig om ouer te word. Geen probleem met ouer nie. Maar die kerk is besig ouer te word en die jonger generasie sien die kerk per se as 'n struikelblok om die Here te dien. Dis wat die emergent church sê.

Ons moet nuwe maniere vind, nuwe gestaltes vind. Ons moet nuwe gespreksvenote vind. **Ons moet luister as die grootste groeiende spiritualiteite in die wêreld tans nie die Christendom is nie. Dan moet ons gaan vra hoekom nie. Hoekom groei die Boeddhiste die vinnigste? Wat het hulle wat ons nie het nie?** Hoekom kry die Amerikaanse Neurologiese Vereniging, as 40 000 van die wêreld se neuroloë saamtrek, die Dalai Lama om hulle te kom toespreek? Hoekom kry hulle die Dalai Lama, die hoof van die Boeddhiste?

Dit is die vrae wat die emergent church vra. Die vraag is, en dan, die vraag, as ons by Jesus kom, Jesus het geïnkarnear, Hy het mens geword in 'n kultuur. Hoe gaan ons Jesus, sonder om te kompromiteer, in hierdie kultuur, Hom in die wêreld inpas? So die emergent church stel minder belang, nee, ek sê dit verkeerd, stel ewe veel belang in die redding van die persoon en in die redding van die kul... die inbeweeg in die kultuur. Daar is verskillende aksente. Party ouens sê die kultuur is soos hy is, ander sê jy moet die kultuur van voor af transformeer. Maar dit is waaroor die hele beweging gaan.

Ons leef in 'n wêreld bekend as post-Christendom. Post-Christendom. Die ou wat beskou word as die wêreld se grootste skrywer daarop, Stuart Murray in Engeland, het ons die voorreg gehad toe ons verlede jaar by Wittenberg was, so twaalf ouens wat ek daar bymekaar gehad het, het ons Stuart Murray ook daar gehad. Hy word wêreldwyd beskou as die grootste kenner van die post-Christendom. Hy het daarop gestudeer en skryf sulke dik boeke in Engeland daaroor. Stuart Murray, ek sit weer in sy boek, Post-Christendom nou die dag en lees in die week, sê 'n tipiese teken dat die samelewing verander het, is dat die kerk uit die sentrum uit is.

Ek het nou die dag 'n gesprek gehad met Peet Kruger, wat nou die algemene hoof is van News 24 se koerante van Rapport en almal. Waar hy vir my sê hy beskou nie meer die tradisionele Afrikaanse kerke as 'n stem wat jy ernstig moet vat as nuuswaardig tensy jy iets snaaks aanvang. Dit sê die koerantredakteur wat die totale Afrikaanse nuuspers beheer. Hy sê tensy die ouens een of ander snaakse esoteriese besluit neem of so iets of iets doen wat nuuswaardig is, maar ek beskou dit nie meer vir my die moeite werd om hulle stem per se te hoor nie. Ek stem daarmee saam toe ek nou die dag sien dat Piet Straus sê: Ons praat nie politiek met Zuma nie. Nou wat moet jy dan met hom praat? Is dit nie die werk van die kerk om met hom te gaan praat oor hoe hy sy politiek bedryf nie?

So, ek kan verstaan dat... die stem van die tradisionele kerk al hoe stiller raak. Dit is die wêreld waarin ons lewe. Dit is waar die emergent church kom. Nou is daar verskillende soorte emergent churches en emergent churches. Ek vind my by 'n groep van hulle wat... 'n groot passie het om die wêreld weer terug te wen, iemand soos Rob Bell in Amerika. Wat sy eie huis verkoop in Grand Rapids en tussen die armste mense in stad intrek. Rob Bell is waarskynlik tans die mees sigbare, die mees prominente jong Christen leier in die VSA. As die Here wil, dan sien ek hom die 16 Maart, dan eet ek saam met hom ontbyt daar in Grand Rapids.

Maar Rob Bell is die ou wat sy Nooma video's, DVD's bekend maak. Wat doen Rob Bell om die Evangelie uit te dra? Hy verkoop sy huis. Hy sit sy kinders in die armste skool waar die druglords is en hy gaan bedien hulle met die Evangelie. Hulle is betrokke in Soweto saam met Johan Geysers-hulle van Mosaiek met 'n reuse armsorg projek in sy gemeente. Hulle hardloop die Evangelie in die wêreld in. En hy sê jy moet die kultuur engage. **Jy moet gaan luister na die Boeddhiste.** So, gaan hoor wat sê daai ouens. **Dan skrik Christene hulle dood, want hulle hoor nie wat Rob Bell mooi sê nie.** Hy sê nie, word soos hulle nie, maar hy sê, gaan lees hulle goeters, dat jy kan **hoor hoekom hulle so belangrik is. Hulle het ook dalk waarheid. Waarheid is nie net in die Christendom nie.** Jy kan waarheid vind in die Judaïsme. **Jy kan waarheid vind by ateïsme. Jy kan waarheid vind by wie ook al.** God se algemene openbaring is 'n bietjie wyer, maar jy sê Jesus is die Here. Dis waarnatoe jy op pad is met so 'n beweging.

Of iemand soos 'n Leonard Sweet, wat begin om nuwe taal te gebruik. Maar wat sy teologie so konserwatief is dat hy afgedank word by sy teologiese fakulteit, omdat hy in die maagdelike geboorte glo, maar aan die ander kant dat hy beelde skep om die kerk uit hierdie winterslaap uit te kry en die kerk vorentoe te vat, om eietyd in die kultuur in te kom.

Rob Bell het verlede jaar die groot Amerikaanse rock groep, Aerosmith, die van julle wat rockmusiek ken, Aerosmith se bus gehuur en met die bus deur Amerika getoer en by stadions gestop en begin praat en dit was uitverkoop, dit was vol. Die jonger mense stroom in hulle massas en hulle hoor die Evangelie. Sit in Rob Bell se kerk in Grand Rapids. Hy het ...'n letterlike 'n winkelsentrum, 'n ou leegstaande winkelsentrum gekoop en as jy by die winkel, in die kerk inkom is daar geen versierings teen die mure nie. Niks. Niks. Niks. Net in die middel staan hierdie verhoog en dit is soos 'n ou Pick 'n Pay, jy weet en daar sit hierdie massas en massas. Dit was op 'n stadion die vinnigste groeiende kerk in Amerika, maar hy wat Rob Bell is gee alles weg. Dit is soos ek dink die nuwe soort emergent beweging. Daar is verkeerde uitwasse wat mens nie opgewonde maak nie. Ouens wat dink dit gaan oor kerse brand en dit gaan net oor snaaks wees en die Goths en al daai soort ouens. Daar is dus uitwasse wat my, ook my nekhare laat rys. Maar die vraag is, en jy sien dit orals in Engeland ook. Ek sal ook later in Maartmaand in Engeland 'n draai maak by Pete Greig, wat die, beskou word as die wêreld se mees invloedryke jonger generasie teoloog, wat die gebedsbeweging *24/7 Boiler Room* begin het, wat eintlik die hele

gebeds kneel down beweging begin het onder miljoene mense wat in London is. Ek weet ons sien hom ook daar op die 26 ste Maart... kuier ons by hom.

En dit is ouens wat reuse impak maak. As jy Wikipedia gaan lees oor Rob Bell en Leonard Sweet en of oor Pete Greig sal jy sien dit is ouens wat in 'n ander drukgroep is. Dilemma. Vir tradisionele ouens lyk hulle 'n bietjie weird. Rob Bell lyk weird as jy hom sien, as jy al sy Nooma video's gekyk het. Hulle saai dit so in die oggende op SABC2 as jy vroegoggend opstaan. Ek weet ek het nou die dag een doen ook, so ek hoor hy is laas week uitgesaai. Dan wys hulle so 'n stukkie van Rob Bell se DVD op SABC 2 dan praat iemand.

Rob Bell, ek het hom al sien optree. Baie keer, hy stap op daai verhoog, met sy swart bril en sy weird klere en sy kitaar, maar as hy sy mond oopmaak dan is dit die Evangelie. Dieselfde met Dan Kimball. Ons sit en luister in Amerika, in Los Angeles, laasjaar en gesê hierdie ou het nie een plek het hy die Skrif oortree nie. Hy sê hy glo in die hel letterlik. Ek glo in die opstanding letterlik. Ek glo in die maagdelike geboorte. Ek dink homoseksualiteit is verkeerd. Maar hy word beskou as die leier van die emerging church. Hy lyk net weird. As hy vanaand hier instap gaan jy sê, wat stap nou hier in, want hy het sulke mowhawk hare wat sstaan, so woos. Dit lyk of daar een of ander...iets in sy kop ontplof het. Maar dit is mense wat die vraag vra hoe gaan ek die wêreld in 2008, 2009, 2010 vir Jesus bereik? Maar moet ek die kerk transformeer? Is dit die nuwe manier?

So dus, emerging church is dus nie 'n beweging van nuwe kerk nie. Dit is nie ouens wat wegbreek en nuwe kerke stig nie. Dit is 'n modernistiese ding, om 'n nuwe kerk te stig. Ek sê altyd vir Etienne Schoeman ook, mens stig nie kerke nie. Dis nog 1940 se ding. Jy begin net 'n nuwe movement. Dis wat ons by E-Kerk doen. Jy begin net 'n nuwe movement en jy infiltreer alles wat jy kan met die Evangelie. Van die tradisionele tot nie-tradisionele kerkelaat jy net deursuur met 'n nuwe, die Evangelie van Jesus Christus en kyk wat gebeur. Dit is wat hierdie ouens maar doen. Dit is 'n wêreld wat ons in lewe, is die vraag hoe gaan ons die Evangelie neersit? Wat se nuwe hoop gaan ons neersit?

En daarom, en ek wil afsluit daarmee en dat kan ons bietjie saampraat. Daarom is dit vir my interessant ook. Dit is nie mense wat noodwendig ook altyd vreemd lyk soos Dan Kimball nie. Dit is nie noodwendig altyd mense soos Rob Bell wat vreemd lyk nie. Ook 'n ou soos Mark Patterson.

Heel normale outjie. As hy langs my staan, sal hy meer soos ek lyk as wat ek soos hy sal lyk. Hy is heel normaal. Hy hardloop 'n reuse koffiehuis in Washington, wat tans, het laas jaar die prys gekry het as die beste enkele koffiehuis in die stad Washington, bo Starbucks. Dis 'n kerk. Ons gaan 'n erediens by hulle bywoon op die 15 de Maart. So ek sien uit na...? Hy sê my sy gemeente het gegroei na 'n duisend vyfhonderd mense, waarvan twee derdes nie Christene is nie. Hy sê sy droom is dat die volgende president van Amerika uit sy gemeente uit kom. Hy gaan doen Bybelstudies in die Withuis. Hy is net so oorkant hulle.

Dit is die ouens wat op 'n nuwe manier die Evangelie neersit al moet ek 'n koffiehuis begin om die kerk te laat groei. Al moet ek soos Pierre Du Plessis-hulle daar in Pretoria in 'n kroeg Sondae...kerk hou om die kerk te laat groei. Al moet ek soos ou Tielman Germishuys daar in Brackenfell Sondagaande 'n restaurant begin om die kerk te laat groei. As dit wat dit is, as dit is wat dit vat en, en luister mooi, daarmee sluit ek af, dit het niks met ouderdom te doen nie. Interessant, niks met ouderdom te doen nie. Dis nie jongmense wat rebelleer. Dit is nie 'n jeugbeweging nie. Leonard Sweet is ouer as ek. Rob Bell is so oud soos ek amper, bietjie jonger, bietjie jonger, 'n paar jaar jonger. Maar al hierdie ouens is ons soort ouderdom. Niks met ouderdom te doen nie. Dit het met mense te doen wat 'n passie het om te sê die wêreld vir Jesus in ons generasie weer terugkry, die kultuur terugkry. En daarom gaan ek nie hulle kultuur kritiseer nie, maar ek gaan dit engage. Daarom gaan ek nie ander ouens se spiritualiteit aanvat en my waarhede postuleer nie. Ek gaan luister wat hulle sê. Want ek kan die waarheidbewys ad infinitum. As ek in die 1960's geleef het, en ek debateer met 'n Boeddhis of 'n Hindoe, dan sal ek daar sit en sê, hier is mywaarhede, en hier is my goeters. Nou sal ek as ek in die emergent church ou is, sal ek sê kom ons luister. En dis reg as jy glo soos jy glo. Ek gaan jou nie probeer verander nie, maar jy het ook die reg om te hoor hoe ek glo en ek gaan nie ekskuus sê vir wie ek is nie. So, ek gaan nie my geloof in jou keel afdruk nie.

Ek gesels gister by 'n kamp, wat ek vir 'n gemeente gedoen het, saam met die mense, toe vertel hulle vir my, weet jy hoeveel jonger mense deesdae nie meer glo nie? Ek sê maar dink julle hulle het vantevore geglo? Dink julle al die mense, toe vra ek vir die tannie, toe jy op skool was, wat gesê het hulle glo, het hulle regtig geglo? Sien jy vandag die vrugte daarvan dat hulle geglo het in Suid-Afrika? Hulle is maar net meer eerlik Dit skok mense. Nou die dag vertel Marietjie vir my hoe geskok is 'n klomp toe hulle daar by die skool, een kind sê hy weier, hy glo nie. En al die onderwysers is skrik. Ek sê, nou wat is nou die big deal? Hy is eerlik. Miljoene mense glo nie, Jesus sê miljoene mense glo nie. En ek dink die emergent kerk

sê: Kom ons engagemet daai mense op so 'n manier dat ons hulle sal aantrek en nie afstoot nie. Maar weer 'n keer, daar is goeie emergent kerk, slegtes. Daar is ouens wat dit doen vir Jesus. Daar is ouens wat dit net doen om anders te wees. Ek dink nie ons moet kerk doen om anders te wees nie. Nie kerk doen om terebelleer nie. As ek die wêreld wil verander, en hierdie ouens gaan dit regkry, dan sê ek laat hulle gaan. Vraetyd.